Afrikaanse poësie. Dit is 'n besondere bundel, geïllustreer met oorspronklike kunswerke van Zerk de Villiers. Tydens die bekendstelling is hierdie skilderye deur De Villiers ook uitgestal en soos soetkoek opgeraap deur kunsversamelaars. Die verse getuig van fyn en volwasse waarneming en is baie gunstig deur resensente ontvang. Die bundel is 'n lus vir die oog, voedsel vir die gees en 'n moet vir die boekerak. Veels geluk Piet, doe zo voort!

Prestasie op die sportveld – Nic Louw

Ons het reeds vantevore berig oor die prestasies van Nic Louw, 'n ywerige rolbalspeler in ons midde. Hy is lid by die Vriendekring Rolbalklub in Pretoria en die vierspan waarin hy speel het die besondere prestasie behaal om in een seisoen die Gauteng-Noord viere, die Black and White viere en daarna die nasionale kampioenskappe in Kaapstad in een seisoen te wen. Hulle het 41 wedstryde agtereenvolgens gewen.

Acting appointments:

The following members held acting appointments during the period 17 April 2006 to 23 June 2006:

HJ Fabricius SC, FJ Jooste SC, JW Louw SC, SJ Maritz SC, FH Terblance SC, PZ Ebersohn (Swaziland), DS Fourie SC, J Engelbrecht SC, MNS Sithole SC, LM Molopa SC (and Eastern Cape), JCW van Rooyen SC, AMM Motimele SC.

The Interim Bar Council

The following members were elected to the Pretoria Bar Council for 2006/2007:

Pat Ellis SC, Abraham Louw SC, Ben Swart SC, Francois Botes, Ig Bredenkamp, Soraya Hassim, Henk Havenga, Nicolene Janse van Niewenhuizen and Gerhard Naudé.

The members nominated by the local branch of the AFT to the Bar Council, withdrew due to a dispute over the chairmanship at the Pretoria Bar. The elected members were thereafter appointed as an interim Bar Council at a special general meeting. It is expected that the dispute will be resolved soon. 🕮

Grahamstown

Contributed by Mark Euijen

Winter in the Eastern Cape is signalled by a succession of cold fronts from the other Cape; the orange glow of the aloes as they come into bloom along the hillsides; and an influx of people attending another National Arts Festival. It is a good time to take a holiday, which may account for the dearth of local news below.

Izak Smuts SC attended the conference of the World Association of Barristers and Advocates in Hong Kong during April this year.

Timothy Bruinders SC, from the Johannesburg Bar, acted as a judge of this division for the month of May.

Keith Mathee SC has resigned his membership of the Grahamstown Bar, but continues to act as a judge of this division.

Equity House Chambers now houses an arbitration facility which is available for hire.

Lauren Conlyn, with 20/20 foresight, returned to her roots and solemnly formalised her relationship with Gary Kidson at the Cradle of Humankind outside Johannesburg. We wish them a bright future and many pairs of sunglasses together. 🕮

Kaap

Die Kaap onthou wyle regter De Kock

Die Kaapse regbank en Balie het op 24 April 2006 die lewe van wyle regter Tienie de Kock gedenk.

Marthinus Rudolph de Kock is op 7 April 1923 te Rustenburg gebore. Hy het sy LLB-graad *cum laude* op die ouderdom van een-en-twintig aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en daarna sy praktyk by die Pretoria-balie begin. Vier jaar nadat hy as *QC* aangestel is, het hy 'n regter van die Transvaalse Provinsiale Afdeling geword. Hy was sedert 1974 'n lid van die Kaapse regbank tot sy aftrede in 1991.

Vir jong advokate was hy 'n ontsenuende mengsel van 'n vraer van daardie deurtastende tipe van vraag wat tereg as 'n regs-*doosra* beskryf kan word, en die bedrywer van 'n droë sin van humor wat 'n mens altyd laat wonder het of hy nie dalk ernstig was nie. Dit het nie eers gehelp om jou na sy griffier, generies gewoonlik 'n gesaghebbende bron van inligting oor "haar" regter, te wend in 'n poging om hom te probeer lees nie. Sy kon ook nie ... of dalk wou sy maar net nie. Te oordeel aan die herinneringe van die ouer garde wat tydens die huldeblyk gedeel is, het hulle nie veel beter gevaar nie.

Hy was teen die doodsvonnis gekant en het 'n eiesoortige manier ontwikkel om die geleenthede waar hy geen ander keuse sou hê as om die doodsvonnis op te lê nie, so ver moontlik te beperk.

Wyle regter MR de Kock

Hy was nie net regter nie, maar het ook 'n passie vir geskiedenis uitgeleef as voorsitter van die Kaapse Historiese Vereniging en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

Adjunk-regterpresident Traverso, Henri Viljoen SC, Billy Downer SC en Dumisa Ntsebeza SC het medelye aan die De Kock-gesin oorgedra. 🕮